BOERE-AFRIKANER
VOLKSRAAD

25 Oktober 2011

Sy Ed. Die Staatspresident
Uniegebou
Pretoria

Geagte Staatspresident,

**Kennisgewing van voorneme om die Boere-Afrikanervolk se reg op selfbeskikking ten uitvoer te bring**

Die Boere-Afrikanervolk het op 24 September 2011 onder toesig en bestuur van die onafhanklike Volksraad Verkiesing Kommissie 'n vry en regverdige, demokratiese verkiesing gehou waardeur 'n verteenwoordigende Volksraad verkies is. Volledige besonderhede van die verkiesing word op die webblad www.vvk.co.za gepubliseer.

Die Volksraad verteenwoordig 'n breë spektrum van Boere-Afrikaners wat op hul volkskap gesteld is, en is by sy verkiesing met 'n mandaat beklee om namens sy kiesers op te tree ten einde ons volk se reg op selfbeskikking ten uitvoer te bring. Dié reg setel in historiese, volkeregtelike en morele gronde.

**Hiermee wens ek u beleef te verwittig dat die verkose Volksraad van voorneme is om ons volk se aandrang op selfbeskikking aan die Regering voor te lê. Die gronde vir ons eis sal tydens dié geleentheid volledig uiteengesit en toegelig word.**

'n Versoek om 'n afspraak met u en verteenwoordigers van die Regering ten einde aan bogenoemde uitvoering te gee, sal eersdaags aan u kantoor gerig word.

'n Skriftelike ontvangserkenning van hierdie skrywe sal op prys gestel word.

Vriendelik die uwe,

A.E. Breytenbach
Voorsitter

Abram Mothwa
26.10.11
9:31

kontak@volksraad.co.za Posbus 1221 Rayton 1001 (012) 940-4215 tel (086) 577 3041 faks www.volksraad.co.za

A Breytenbach, A Malan, H van de Graaf, B Geldenhuys, S van Ronge, S van der Merwe, F Jooste, T Theron, E le Roux